

Maandag 14 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 3:7-10	Fokusgedeelte: Filippense 3:7-10
---	---

Wedergeboorte – lewend vir Christus!

Paulus getuig in Filippense 3 van sy vorige lewe, toe hy eers dood was in sy sonde. Hy beskryf dat hy vertrou het op die vlees (vs 3), op sy eie werke (vs 5, 6), op sy eie geregtigheid (vs 9). Hy was eers dood vir Christus, en lewend vir homself, om homself te probeer red. Dit was ook die sonde van baie van sy volksgenote, wat op die uiterlike besnydenis vertrou het (vs 2). In die Galasiërsbrief skryf hy ook baie daaroor, en stel dit baie duidelik: “Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 5:4).

Maar, dank God, ’n wonderwerk het in Paulus se lewe gebeur, ons Here Jesus Christus het aan hom verskyn (Hand. 9), die Gees het sy hart van klip verander in ’n hart van vlees, sodat hy nou uitroep dat hy alles as skade beskou om Christus as wins te verkry (vs 8). Hy besef dit is nie hy wat vir die Here, vir Christus gekies het nie, maar die Here wat hom uitverkies het, op grond van Christus se geregtigheid alleen, niks van homself nie (vs 9). Hy skryf daarvan in vers 12b: “... omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.”

Ja, die Gees van God het hom wederbaar, hom van harte besny, wat die ware besnydenis (vs 3; sien ook Deut. 10:16; Rom. 2:28, 29), en die vrug daarvan is dat hy nou lewendig is vir Christus, en ook nou na Christus gryp (vs 12a). Paulus roem as wedergebore mens nie meer in homself nie, maar in Christus alleen, al sy eie pogings om homself te probeer regverdig, te red, beskou hy as verwerplik, alles gaan nou oor Christus, en Hom as gekruisigde (1 Kor. 2:2).

Sing: Psalm 119-1:62, 63

Ds. S le Cornu (Slabbert) (Carletonville)